KWAGGA OPVOEDKUNDIGE SENTRUM

*Voorligting en Sielkundige Dienste*

POSBUS 181, GEORGE 6530 / TEL: 044-874 4156 / FAKS: 044-8744188
EPOS: sielkundige@outeniqua.co.za / WEB: www.outeniqua.co.za

# PSIGOMETRIESE ASSESSERING
# LOOPBAANKEUSE

Liewe ouers en leerder

Leerders doen reeds teen April van hulle graad 12-jaar aansoek vir verdere studie. Dit is dus van kardinale belang dat leerders sal seker maak van hulle loopbaankeuses. Ek en Mev. Liesl Bekker (ook 'n Opvoedkundige Sielkundige) span kragte saam om vir u bekostigbare assesserings geleenthede te bied.

**Hierdie assessering sluit die volgende komponente in:**

- Analise van Belangstelling
- Analise van Persoonlikheid
- Analise van vakke en akademiese prestasie. (Die leerder se laaste rapport word gebruik.)
- 'n Verslag met uitslae en 'n aanbeveling van moontlike loopbaanrigtings.
- OPSIONEEL: Analise van Brein- en Denkvoorkeure (NBI Breinprofiel)
  Dit sluit 'n gedrukte verslag in wat die leerder se spesifieke denkvoorkeure in vier kwadrante aandui. Dit help dus om leerders se manier van denke, redenasies en uiteindelike optrede beter te verstaan.

Die volgende opsies is beskikbaar:

**OPSIE 1: R350**

- **Bondige verslag met** uitslae van **psigometriese assessering** tesame met 'n lys van moontlike beroepsrigtings.
- Daar sal 'n **aanbieding** wees om ouers en leerders te begelei om die uitslae en aanbeveling te interpreteer.
- **EKSTRA en OPSIONEEL**: NBI Breinprofiel teen **R230**.

**OPSIE 2: R650**

- **Verslag met** uitslae van **psigometriese assessering** tesame met 'n **spesifieke aanbeveling** vir moontlike beroepsrigtings.
- Daar sal 'n **aanbieding** wees om ouers en leerders te begelei om die uitslae en aanbeveling te interpreteer.
- **EKSTRA en OPSIONEEL**: NBI Breinprofiel teen **R230**.

**OPSIE 3: R1 450**

- Persoonlike onderhoud met ouers en leerder om ’n **meer intensiewe assessering** te bekom.
- **Verslag met** uitslae van **psigometriese assessering** tesame met ‘n ***gedetailleerde* aanbeveling** vir moontlike beroepsrigtings.
- **Persoonlike terugvoersessie** om verslag en aanbevelings te bespreek.
- **EKSTRA en OPSIONEEL**: NBI Breinprofiel teen **R230**.

*Die persoonlike onderhoude en aanbieding wat deel van hierdie assessering (Opsie 3) is, sal deur Mev. Liesl Bekker hanteer word.*

**Indien u van die geleentheid gebruik wil maak, is die volgende prosedures belangrik:**

- Voltooi die besprekingsvorm onderaan.
- Betaal die gelde by die kassiere in. U kan ook d.m.v. die Karri App of 'n EFT betaal – gebruik net die verwysing “Psigo, voorletter, van en graadseksie" as verwysing, bv PsigoANaude11/33.
- Indien u ook ’n **NBI breinprofiel** by die assessering wil byvoeg, moet u ’n **internet kode** kry sodat u die vraelys tuis kan voltooi. Hierdie kode sal by die KOS kantoor aan u gegee word.

**Let op die volgende praktiese reëlings:**

- **Datum**: 11 Maart 2021 (Donderdagmiddag)
- **Tyd**: Ons begin 15:00
- **COVID regulasies**: Dra van maskers verpligtend en leerders word ingeskandeer.
- **Rapport**: **Bring ’n afskrif van die laaste rapport saam. (Baie belangrik!)**
- **Tydsduur**: ± 2 ure (Afhangend van hoe vinnig die leerder die vraelyste voltooi.)
- **Lokaal**: Sysaal
- **Skryfbehoeftes**: Bring u eie skryfbehoeftes (pen, potlood, uitveër)
- **Eetgoed**: Eet voor die sessie begin. Leerders mag wel eie drinkgoed (water) na toetslokaal bring.

Indien u die assessering wil doen, maar nie op hierdie datum beskikbaar is nie, kontak Mev Naudé vir 'n ander reëling.

Voltooi asseblief die onderstaande besprekingsvorm en handig dit saam met die bewys van betaling by die KOS kantoor in.

Baie dankie,

*Anne-Marie Naude*

Opvoedkundige Sielkundige
PS 0129780

# BESPREKINGSVORM

Naam van leerder: _____ Klas: _____

Kontaknommer van leerder: _____

Kontaknommer van ouer: _____

**MERK DIE TOEPASLIKE BLOKKIE**:

☐ OPSIE 1: R350 ☐ OPSIE 2: R650 ☐ OPSIE 3: R1 450

☐ NBI BREINPROFIEL: R230

Totale Bedrag: R_____

**OPSIES VAN BETALING**

Dui aan watter vorm van betaling u gebruik het, en heg die bewys hierby aan.

Opsie van betaling: _____

Indien u dit sou verkies om die betaling in twee paaiemente te betaal, is u welkom.

☐ Ek gaan die bedrag in twee paaiemente betaal.

Eerste paaiement: R_____ en Tweede paaiement: R_____

Handtekening van ouer/voog: _____ Datum: _____